Slimboek

Graad 1



Week 1

My naam: _____

Mamma/Pappa se naam:_____

 ©Skoleondersteuningsentrum

Liewe Ouer

- Hierdie boekie is so saamgestel dat jou kind slegs 'n paar minute per dag besig gaan wees.
- Daar is vir elke dag skriftelike- en grootmotoriese aktiwiteite ingesluit. Die werk kan deur die loop van die dag gedoen word.
- Van hierdie aktiwiteite vereis dat u as ouer die opdrag sal gee en toesig sal hou terwyl hy/sy dit doen.
- U kind moet soveel as moontlik buite speel en slegs 'n kort tydjie 'n skriftelike aktiwiteit doen. Dit sal help dat u kind geen onderrigtyd sal verloor tydens die drie weke van ekstra skoolvakansie.
- Hierdie aktiwiteite begin eers op 31 Maart 2020. Hierdie is week 1.
- Moet asseblief nie op een dag al die aktiwiteite doen nie. Ons wil u kind help en nie ontmoedig nie.
- Elke dag se werk het 'n datum bo-aan. Julle kan selfs "skool-skool" speel, sodat dit nie soos "skool" voel nie.
- Ons doel is om leerders die vaardigheid aan te leer om verantwoordelikheid vir sy/haar eie leer te aanvaar.
- Moet asseblief ook nie negatiewe opmerkings oor sy/haar skool, onderwyser of die besluit dat skole toe is, in u kind se teenwoordigheid maak nie.

Geniet hierdie kosbare tyd saam met u kind. Hulle word so vinnig groot. Koop die tyd saam met u kind uit

 ©Skoleondersteuningsentrum

Dinsdag 31 Maart

U kind behoort aan die einde van die eerste kwartaal sekere klanke aangeleer het. Hy/sy sal weet watter klanke kan hy al herken en woorde mee vorm. Die volgende aktiwiteite gaan daardie klanke inoefen. Indien hy/sy 'n klank teëkom wat hulle nog nie aangeleer het nie, kan u dit vervang met 'n klank wat hulle reeds ken.

1. Bou woorde



2. Kleur die prente in wat met 'n "m" begin



 ©Skoleondersteuningsentrum

3. Fynmotories

Voltooi die skrifpatroon

- Skryf ook die patroon in die grond buite of neem 'n ou skinkbord en gooi sand in, laat kind dan in die sand skryf.
- Neem koerantpapier en vou in stroke. Laat die leerder dan tussen die voue die patroon oefen.
- Vat een wasgoedpennetjie en druk dit oop. Maak beurte met elke vinger.

4. Grootmotories

- Spring met jou springtou of enige tou 10 keer met albei bene en 10 keer op 'n ander manier.
- Gooi en vang 'n bal 30 keer.
- Kyk na hierdie oulike video vir idees. "Copy en paste dit in Google" https://www.facebook.com/1301580306/videos/10222203460937759

 ©Skoleondersteuningsentrum

5. Woordeskat: Insidentele lees.

My lyfie



 ©Skoleondersteuningsentrum

6. Skryf die getalname.

1	
5	
2	
6	
3	

7. Skryf die syfers.

nege	
tien	
agt	
sewe	
vier	

8. Rangskik die getalle van groot na klein.

5 12 3 1 17				

©Skoleondersteuningsentrum

9. Dink gou mooi en skryf die antwoorde neer.

1 + 2 =	5 + 1 =
3 + 2 =	2 + 0 =
3 + 3 =	2 + 2 + 1 =
5 + 5 =	3 + 1 + 1 =
1 + 1 =	4 + 1 + 2 =

****

Woensdag 1 April

1. Bou woorde

Skryf self die laaste letter van die woord in die sirkel.



2. Lees die word en teken die prent

kat	tas	son
som	lag	gom

3. Kyk na die prent en skryf die woord

		
		

 ©Skoleondersteuningsentrum

4. Woordeskat: Insidentele lees.

Sport

gholf

perdry

landloop

hekkies



netbal

krieket





skaak



tennis

rugby

 ©Skoleondersteuningsentrum

5. Fynmotories

Voltooi die skrifpatroon



- Skryf ook die patroon in die grond buite of neem 'n ou skinkbord en gooi sand in, laat kind dan in die sand skryf.
- Neem witbordpen en skryf teen venster of skuifdeur. Vee af met droë lap.
- Vat een wasgoedpennetjie en druk dit oop. Maak beurte met elke vinger.

6. Grootmotories

- Spring met jou springtou of enige tou 10 keer met albei bene en 10 keer op 'n ander manier.
- Gooi en vang 'n bal 30 keer.
- Kyk na hierdie oulike video vir idees. "Copy en paste dit in Google" https://www.facebook.com/1301580306/videos/10222203460937759

 ©Skoleondersteuningsentrum

7. Voltooi die getallelyn

1 meer as 5



2 meer as 7



- Tel jou kouse in jou kas.
- Tel Pappa se kouse.
- Sorteer Pappa se kouse volgens kleur.
- Soek 4 items in die huis wat soos 'n reghoek lyk. Teken dit in die blok hieronder.

8. Mooi dink.

Wat is 1 minder as 9?	Wat is 3 meer as 4?

sentrum

Donderdag 2 April

1. Luister na 'n storie op hierdie webblad. www.luistervinkstories.co.za.

Teken 'n prent oor die storie.

Laat 'n grootmens jou help om 'n opskrif te skryf vir jou prent.

Die _____

 ©Skoleondersteuningsentrum

2. Knip klanke uit 'n tydskrif wat jy reeds aangeleer het en bou woorde. Plak dit netjies vas en teken 'n prent daarby. Bv.

Sak	

- Mamma sê 'n woord en kind moet die klank waarmee die woord begin terug sê.
- Doen ook so met klank wat laaste gehoor word.
- Mamma sê 'n woord en kind moet een sê wat net so klink bv. mat – kat, som - kom, tas – kas ens.
- Noem 3 items en kind moet dit in volgorde onthou. Probeer tot by 7 voorwerpe.

 ©Skoleondersteuningsentrum

3. Woordeskat: Insidentele lees.

Klaskamer



tafel en stoel



boek

juffrou

rekenaar

potlood



liniaal

skooltas



skêr

verf

gom

 ©Skoleondersteuningsentrum

4. Fynmotories

Voltooi die skrifpatroon

- Skryf ook die patroon in die grond buite of neem 'n ou skinkbord en gooi sand in, laat kind dan in die sand skryf.
- Neem witbordpen en skryf teen venster of skuifdeur. Vee af met droë lap.
- Gebruik klei. *(Resep op laaste bladsy)* Rol lang worse en maak letters met klei.
- "Skryf" woorde met klei.

5. Grootmotories

- Spring met jou springtou of enige tou 10 keer met albei bene en 10 keer op 'n ander manier.
- Speel neus sokker op gras of mat. Moet bal met neus stamp tot by "doelhok"
- Laat kind oefen om met besem te vee. Wys hom/haar hoë.
- Oefen om skoenveters vas te maak.
- Oefen Mamma en Pappa se telefoonnommers en julle adres. Probeer om dit te skryf.

6. Dink mooi en teken jou som. Bv.

Ben het 3 albasters. Hy kry nog 4. Hoeveel albasters het Ben nou?



3 + 4 = 7

Sus het 5 poppe. Sy leen by Marie 3. Hoeveel poppe het Sus nou?

_____

Mamma koop 6 lemoene en daar was 3 lemoene in die kas. Hoeveel lemoene is daar nou?

_____

 ©Skoleondersteuningsentrum

7. Luister mooi en teken 'n bal.





onder	voor	agter	bo-op

8. Voltooi

a 2, 2, 3, 3, 4, 4, _____; _____.

s 9, 8, _____, 6, _____, _____, 3; _____.

d 1, 3, 5, _____, _____; _____, 13, 15.

f _____ 6, _____; 8 _____, _____, 11.

u 13, 12, 11, _____, _____, _____, _____.

k 14, 15, _____, _____, _____, 19, 20.

 ©Skoleondersteuningsentrum

Vrydag 3 April

1. Skommel die woorde reg totdat dit 'n woord maak en teken 'n prent by.

asd		
dma		
sta		
gda		
sle		

2. Hoeveel o-letters kan jy omkring?

k o p o s r p o

t o r o t m n

m o w o o o p m

©Skoleondersteuningsentrum

3. Verbind die woord met die prent. Gebruik 'n skrifpatroon om dit te verbind.

	les
	mol
	ses
	tol
	los

4. Luister na 'n storie op hierdie webblad. www.luistervinkstories.co.za.

Vra vir jou kind vrae oor die storie.

- Wie is die karakters?
- Maak die boek jou bly/bang/opgewonde/hartseer. Laat hy/sy vertel.
- Hoeveel mense is in die storie?
- Vertel die storie vinnig vir jou boetie of sussie. *(Let op na volgorde van gebeure. Hy/sy moet dit in die regte volgorde vertel. Weerhou jou daarvan om in te val indien hy/sy dit verkeerd oorvertel.) Doen dit meer gereeld indien jou kind nie volgorde kan onthou nie.*

5. Woordeskat: Insidentele lees

Ek lees.

Ek sit.

Ek loop.

Ek lag.

Ek slaap.



Ek skop.

Ek spring.

Ek skryf.

 ©Skoleondersteuningsentrum

6. Fynmotories

Voltooi die skrifpatroon



- Skryf ook die patroon in die grond buite of neem 'n ou skinkbord en gooi sand in, laat kind dan in die sand skryf.
- Neem witbordpen en skryf teen venster of skuifdeur. Vee af met droë lap.
- Frommel koerantpapier in 'n balletjie en gebruik net een hand. Probeer om teiken raak te gooi met balletjie papier.

7. Grootmotories

- Spring met jou springtou of enige tou 10 keer met albei bene en 10 keer op 'n ander manier.
- Bou hindernisbaan met stoele, bankies enige voorwerp sodat kind onderdeur, bo-oor en bo-op tou bv. kan loop.
- Bou 'n tent in die huis met lakens/komberse in sitkamer of slaapkamer. Lees vir jou kind 'n boek binne-in die "tent". Maak of julle kamp en sing liedjies om die "vuur".
- Laat jou kind vir jou 'n storie vertel. Moedig goeie taalgebruik aan. Korrigeer hom/haar indien hy Engelse woorde tussen-in gebruik bv. "Dit was "awesome", Mamma" Jy sal sê: " O, so jy sê dit was ongelooflik gewees!" Moet nooit sê:" Nee, dit is verkeerd mens sê...."
- Probeer om vir 'n tyd in die dag 'n tweede taal te praat soos Engels.

8. Voltooi die patroon.



9. Herhaal die patroon 1 keer.



10. Maak jou eie patroon met 2 vorms.



11. Meting

Nommer die prente in die regte volgorde van 1-4.

12. Hoofrekene

Voltooi

Tel terug:	12	11							4	3



1 meer		1 minder	
5		1	
7		6	
3		4	
0		2	



verdubbel		Halveer	
1		2	
2		4	
3		6	
4		10	

voor		na
	6	
	1	
	4	
	3	

4+1= _____

0+4= _____

4+2= _____

2+1= _____

tussen		
5		7
1		3
9		11
0		2

Tel aan:	4	5					10			13

 ©Skoleondersteuningsentrum

Kleiresep

500 ml koekmeel

200 ml sout

30 ml kremetart

Plaas alles in 'n kastrol en voeg by:

500 ml water

30 ml olie

Bietjie kleursel en geursel

Metode

- *Roer oor hitte tot klonte begin vorm.*
- *Voer rolbewegings met houtlepel uit tot alle klammigheid geabsorbeer is.*
- *Dit lyk soos 'n groot gemors, maar hou net aan totdat 'n bol gevorm word.*
- *Haal uit pot. Pasop dit is baie warm!*
- *Knie dit soos brooddeeg totdat dit afgekoel en elasties is.*
- *Laat dit heeltemal afkoel totdat dit in 'n sakkie en in 'n plastiekbak gebêre kan word.*
- *Moet nie in yskas plaas nie.*
- *Dit hou lank in plastiekbak, indien dit lugdig geseël word.*

 ©Skoleondersteuningsentrum